Berg-en-Dal

# KERSSANGDIENS

## Sondag, 19 November 2023



*"Sing vir die Here 'n nuwe lied,*
*sing vir die Here, o ganse aarde!*
*Sing vir die Here, prys sy Naam,*
*verkondig die verlossing van dag tot dag...*
*Sê onder die nasies: 'Die Here regeer!'*
*Laat die hemel bly wees en die aarde juig –*
*Want Hy hom, ja, Hy kom..."*
**(Psalm 96:1 10-13)**

**Ons verwelkom jul almal – oud en jonk, vriend en vreemdeling – by ons Kerssangdiens!**

Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou jul een benodig – soek solank ook die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin op.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

**Verwelkoming en liturgiese reëlings**

**Klokgelui**

**Orrel- en trompet voorspel:** "Prayer of St Gregory"

## EERSTE ADVENTKERS: ONS AANBID EN SING BLY

**Voorlesing:** "Kersliedjie" (DJ Opperman – leser: Francois Smith)

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo,

hul kieries en drie bondels gevat
en aangestryk met 'n jakkalspad

al agter die ding wat skuiwend skyn
op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,

oor die sink en die sak van Distrik Ses
waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel.

Die skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red...

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.

**Solis:** "O Jesus, ons Heer, U het ons verbly" (Lied 342 – JS Bach)

**Votumgebed:**
(uit Psalm 96)

Liturg: "Sing vir die Here 'n nuwe lied,
sing vir die Here, o ganse aarde!"

Gemeente: "Sing vir die Here, prys sy Naam,
verkondig sy verlossing van dag tot dag.

Liturg: "Want groot is die Here
en besonder lofwaardig."

Gemeente: "Buig in aanbidding voor die Here
in sy glansryke heiligheid!"

**Seëngroet**

Liturg: "Ere aan God in die hoogste hemel, …"
Gemeente: "… en vrede op aarde,
vir die mense in wie God 'n welbehae het!
Amen."

**Lofprysing:** "Kom, alle getroues!" (Lied 345:1, 2 en 4 - staande)
(Refrein in beurtsang: 1e "Ons buig daar in aanbidding…" – vroue;
2e refreinreël – mans; 3e "ons buig daar in aanbidding…" – almal)

## TWEEDE ADVENTKERS: ONS LUISTER EN OORDINK

**Skriflesing:** Psalm 96

**Gebedslied:** "In die stad van Koning Dawid" (Lied 350:1, 2 en 3)

**Kinderverhaal**

**Gebedslied:** "Welkom, o stille nag van vrede" (Lied 358:1 en 3)

**Oordenking**

**Orreltussenspel:** "In dulci jubilo" (JS Bach)

**Gebedslied:** "Die Heiland is gebore" (Lied 335:1 en 2 - staande)

## DERDE ADVENTKERS: ONS ONTHOU EN DANK

**Herinnering aan ons doop...**

**Gebedslied:** "Die Seun van God kom by ons woon" (Lied 338:1 en 287:3)

**Doopbediening aan klein Jandré Francois Syfert**

**Lofprysing:** Liturg: "Sing vir die Here 'n nuwe lied,
sing vir die Here, o ganse aarde!"

Gemeente: "Sing vir die Here, prys sy Naam,
verkondig sy verlossing van dag tot dag.

**Aanbiddingslied:** "Saam prys ons U, Immanuel" (Lied 338:4)

**Herinnering aan ons gemeente in 2023...**

**Lofprysing:** Liturg: "Gee eer aan die Here, familiegroep van volkere!
Gee eer aan die Here vir sy heerlikheid en krag!"

Gemeente: "Gee eer aan die Here, vir die heerlikheid van sy Naam!"

**Loflied:** "Ere aan God!" (Lied 367 – staande)

**Dankoffer**
(terwyl ons liefdesgawes ingesamel word, luister ons na die orrel & instrumente met 'n uittreksel uit "Die Elia" van Felix Mendelsohn: "O rest in the Lord")

**Uitnodiging en uitsending...**

## VIERDE ADVENTKERS: ONS BID, EN GAAN VERTEL

**Gebed vir die kinders en kleintjies in die wêreld**

**Solis:** "Laudate Dominum" (WA Mozart)

**Getuienis:**

Liturg: "Sing vir die Here 'n nuwe lied,
sing vir die Here, o ganse aarde!"

Gemeente: "Laat die hemel bly wees, en die aarde juig;
laat die see en alles daarin dit uitbasuin."

Liturg: "Laat die veld en alles daarop jubel;
laat die bome in die bos van vreugde uitroep."

Gemeente: "Want die Here kom, ja, Hy kom
om die aarde te oordeel, in geregtigheid,
en die volkere ooreenkomstig sy trou."

**Aanbiddingslied:** "Stille nag, heilige nag!" (Lied 348:1 en 3)

**Laaste oproep:**

Liturg: "Sê onder die nasies:
Die Here regeer, ja, die wêreld staan vas!"

Gemeente: "Sing vir die Here 'n nuwe lied,
sing vir die Here, o ganse aarde!"

**Slotlied:** "Hoor die blye eng'lelied" (Lied 365:1 en 3 - staande)

**Seënbede:** (uit Numeri 6:24-26, en aangepas deur Jorg Zink)

**Amen**

**Orrelnaspel:** "Adeste fideles" (verw. Wim Viljoen)

Ons opregte dank aan almal wat op een of ander manier tot vanoggend se vreugdevolle erediens bygedra het – van die musiek tot die blomme, die programmetjie en verversings.

Ons nooi almal nou uit om nou ná die erediens, verder saam te kom kuier en vier!